Heilbron Herald

IF IT IS NOT IN THE HEILBRON HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR.

WEEK 41 Deel 110
VRYDAG - 18 OKTOBER 2019

www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

# Waterkrisis: Randwater die sondebok

Erg gefrustreerde Heilbron-inwoners was teenwoordig by die noodvergadering wat op 14 Oktober by die Beheerkamer gehou is, nadat die dorp toe reeds vir 3 dae sonder water gelaat is. Die krisis het vir bykans 2 dae daarna voortgeduur. Dit was weens probleme met die toevoer van water vanaf Randwater se pompstasie te Sasolburg. Om sake verder te vererger het die hooftoevoerlyn vanaf die Phiritona reservoir na die plotte reservoirs, waaruit 'n groot deel van die dorp van water verskaf word, Sondag 13 Oktober 'n groot breuk opgedoen wat die munisipaliteit genoodsaak het om die stopkraan na die lyn toe te draai.

Volgens Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe was die oorsprong van die probleem onder 'n bruggie by die Frankfortpad. Die sloot wat water vanaf die bruggie moet wegvoer was totaal toegegroei en het veroorsaak dat die pyplyn sonder water gelaat was wat weer herstelwerk daaraan bykans onmoontlik gemaak het. Gelukkig het Bezuidenhout Konstruksie tot die redding gekom en 'n slootgrawer beskikbaar gestel om die afvoersloot oop te grou om die opgedamde water te dreineer sodat die pyp gelas kon word.

Met 'n besoek deur raadslid van der Merwe, ander raadslede, munisipale beamptes en tegnici van Randwater aan die reservoirs op Maandag 14 Oktober is vasgestel dat die invloei in die reservoir vanaf die pyplyn gelyk was aan minder as 2 Megaliter per dag terwyl die lewering ongeveer 8 Megaliter per dag behoort te beloop. Ngwathe se Tegniese Direkteur, Mnr Thobela, het daarvandaan die beamptes van Randwater vergesel na die punt waar water uit die pyplyn vir Kragbron afgetap word. Alhoewel Kragbron slegs 4 Megaliter water per dag behoort te ontvang is vasgestel dat die betrokke klep inderdaad 'n vloei van 6 Megaliter per dag vir Kragbron deurgelaat het. Die klep is onmiddellik verstel om die fout reg te stel.

Hierna het Mnr Thobela die Randwater beamptes verder vergesel na Randwater se pompstasie te Sasolburg. Met ondersoek het dit geblyk dat die twee pompe in die stelsel slegs 'n vloei van 8 Megaliter per dag gepomp het terwyl die lewering in totaal 12 Megaliter per dag behoort te wees. By nadere ondersoek is gevind dat een van die pompe, alhoewel dit loop, in effek geen water pomp nie. Randwater het onderneem om ook hierdie aspek onmiddellik reg te stel en sou binne twee en 'n half uur 'n nuwe pomp geinstalleer en in werking hê. Randwater het sy woord gestand gedoen en met vloeimeting by die reservoirs Dinsdagoggend is 'n vloei van 7,2 Megaliter per dag bereken.

Noodwendig moes die hele waterpypnetwerk eers vol loop voordat alle inwoners weer water sou hê, maar teen laataand Dinsdag het meeste se krane weer gevloei. Terwyl die waternetwerk droog was het plaaslike organisasies ingespring en watertenkwaens beskikbaar gestel waar inwoners noodvoorraad kon tap. Inwoners met boorgate het ook hulp en water aangebied. Raadslid van der Merwe sê inwoners is baie dank verskuldig aan almal wat onbaatsugtig die nood help verlig het.



*Op die foto bo Phillip van der Merwe besig by die vergadering om inwoners toe te spreek.*

# Pasch kook die land aan die praat



Groot en klein was verlede Donderdagaand vasgenael voor die televisie om te kyk of Heilbron se Pasch du Plooy en sy kookvennoot Wilhelmina Thirion Garcao vanjaar se Kokkedoor-reeks gaan wen.

Altwee is Vrystaters en Pasch bedryf saam met sy broers De Vry Distillery buite Heilbron. De Vry is bekend vir hulle Gin, Brandewyn, Rum en Vodka wat van plaaslike bestandele gemaak word. Die restaurant, wat ook deel uitmaak van die Distillery, se bekendheid gaan nou na die oorwinning tot nuwe hoogtes skiet. Pasch het na die oorwinning gesê hy het sy drome herontdek in die Kokkedoor ervaring. "Van dié drome, soos om oor kos te wil skryf en te gaan reis met kos as fokus, kan nou waar word, terwyl die wen vir my boonop 'n aan-sporing is om aan te hou kos maak".

solar energy

2Kva – 30Kva Stelsels
Ewigdurende stygende elektrisiteits rekeninge?
Raak energie onafhanklik.

Skakel nou vir 'n kwotasie en vind uit hoe om jou kragrekening drasties te verminder of selfs te elimineer. Stelsels deur ons geïnstalleer word deur verskafferswaarborge onderskryf. Finansiering beskikbaar vir goedgekeurde kliënte.


Skakel : 084 580 0184
Heilbron en omliggende areas

ULTIMO
AUCTIONEERS
(Langs Telwiedrè Voere)
Laerstraat • Heilbron

VEILINGSDATUMS
SATERDAG
26 Oktober om 11:00
SATERDAG
9 November om 11:00

Vir enige navrae of uit-die-hand verkope kontak
WOLTER 084 407 9394
*Implemente inskrywings is ook baie welkom.*

FRANKFORT VEILING
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwid Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
NAVRAE: Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za

# Jaarafsluiting



*Op die foto vl: Koos van Niekerk (Snr), Koot Naudé, Pieter Möller, Cassie Muller, Rose Broodryk, Kabous van der Merwe, Johan Stadler en Tommie Esterhuyse.*

Saterdagaand die 5de Oktober het Heilbron Landbou hulle jaarlikse afsluiting gehou. 'n Heerlike spitbraai is gehou en die boereorkes Die Nelsons het musiek verskaf. Musiek van toeka tot nou is gespeel waarop die mense heerlik geskoffel het. Ons gasspreker Pieter Möller het ook weereens nie teleurgestel met sy kwinkslae en woorde van bemoediging nie. Hy het onder andere gesê vra wanneer laas jy iemand 'n drukkie gegee het en gesê het jy lief is vir hulle. Gee drukkies en sê vir jou mense dat jy lief is vir hulle en dat jy omgee.

Die Boerevereniging van die jaar is gewen deur Hoogte en Vegkop Boereverenigings. Johann Stadler het die beoordeling gedoen. Eerbewyse is ook aan Cassie Muller en Koos van Niekerk oorhandig.

Tommie Esterhuyse het ook gesê dat die bekendstelling van die nuwe hersiene beveiligingstrategie aangekondig is.

**Agri SA ondersteun die hersiene Landelike Beveiligingstrategie**

Agri SA ondersteun die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) se hersiene Landelike Beveiligingstrategie wat vandag in Louis Trichardt bekend gemaak is. Die strategie beklemtoon weereens die dringende behoefte aan misdaadbekamping in landelike en boerderygebiede. Indien die polisie die strategie met toegewyding en volharding implementeer, behoort dit 'n groot sukses te wees.

"Die dringende implementering van die strategie deur alle stasiebevelvoerders is noodsaaklik," sê Tommie Esterhuyse, voorsitter van Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Landelike Veiligheid. "Indien nie, sal dit bloot 'n uitstekende strategie wees wat op die rak sit en stof versamel."

Die hoë misdaadvlakke affekteer nie net die boer nie maar ook plaaswerkers en die landelike gemeenskap. Dit hou 'n bedreiging in vir stabiliteit in landelike gebiede en die land as geheel, asook 'n risiko vir voedselsekerheid. Die voortdurende aanvalle op boere en plaaswerkers, die hoë vlakke van veediefstal en die vernietiging van plaasinfrastruktuur vereis 'n doeltreffende strategie.

Agri SA beskou die SAPD se Landelike Beveiligingstrategie as die beste voertuig om hierdie kwessies aan te spreek.

"Dit is egter kommerwekkend dat die reservistestelsel, wat die ruggraat van die strategie verteenwoordig, na al die jare nog nie volledig geïmplementeer word nie," sê Esterhuyse. "Ons doen 'n beroep op die polisie om aktief die reserviste-stelsel te bevorder en dit moontlik te maak vir die boerderygemeenskap om deel te neem en 'n rol te speel ter beveiliging van hul omgewing. Die polisie moet hul verbind tot die beskikbaarstelling van die nodige hulpbronne vir reserviste asook hierdie strategie.


Agri SA het nog altyd 'n konstruktiewe werksverhouding met die polisie gehandhaaf, veral wat veiligheid en sekuriteit betref, en wil graag die polisie gelukwens met die ontwikkeling en finalisering van hierdie strategie.

"Ons glo dat dit die enigste werkbare strategie is wat fokus op die bestryding van plaasaanvalle en die diefstal van vee en plaasinfrastruktuur," sê Esterhuyse. "Die strategie sal georganiseerde misdaad, veediefstal en die diefstal van nie-ysterhoudende metale, asook oor-grens misdaad, aanspreek. Die daarstelling van snel-reaksiespanne wat vinnig kan reageer op voorvalle van landelike misdaad of voorvalle van 'n geweldadige of georganiseerde aard, word ook verwelkom."

Agri SA sal alles in sy vermoë doen om met die polisie saam te werk in hierdie verband en sodoende die boergemeenskap help om hulself te beveilig. Die Landelike Veiligheidstrategie is beskikbaar op die SAPD se webwerf.

**Navrae:**
Tommie Esterhuyse
Voorsitter van Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Landelike Veiligheid
(S) 082 782 0668
Uys van der Westhuijzen
Uitvoerende lid van Agri SA se Sentrum van Uitnermendheid: Landelike Veiligheid
(S) 083 321 9356

# Heilbron Kliniek Nuus




## Het jy geweet ?...

Is wiskunde uitgevind of ontdek?

Die feit dat een plus een gelyk is aan twee, of dat daar 'n oneindige aantal primes is, is waarhede oor die werklikheid wat bestaan het nog voordat wiskundiges daarvan geweet het. As sodanig is dit ontdekkings, maar dit is gemaak met behulp van tegnieke wat deur wiskundiges uitgevind is. Volgens Pythagoras se stelling is die vierkant van die skuinssy van 'n reghoekige driehoek byvoorbeeld gelyk aan die som van die vierkante van die ander twee sye. Dit is waar vir alle reghoekige driehoeke op 'n gelyke oppervlak, so dit is 'n ontdekking. Om aan te toon dat dit waar is, verg egter die uitvind van 'n bewys. Wiskundiges het oor eeue honderde verskillende tegnieke bedink wat die stelling kan bewys. Kortom, wiskunde word beide uitgevind en ontdek.

# Kompetisie vir Riemland Matriekafskeid paartjie vir 2019

Moenie vergeet om jou matriekafskeid foto van 2019 vir ons te stuur nie. Indien jy nog nie ingeskryf het nie, skryf nou in en staan 'n kans om met jou gunsteling foto 2 x A2 "canvasse" by Heilbron Herald te wen. Daar is nog een week van die kompetisie oor. Om in te skryf, volg die eenvoudige stappe en hierdie twee "canvasse" is jou en jou metgesel s'n! Stuur jou matriekafskeidfoto via Facebook-messenger vir die Heilbron Herald Facebook-blad waarna ons dit dan op die blad sal laai en soveel moontlik "likes" gewerf kan word. Fotoinskrywings sowel as "likes" sluit 25 Oktober om 08:00. Geen foto's of "likes" word ná hierdie datum en tyd meer aanvaar nie. Wanneer die foto gestuur word, dui asseblief aan wie die paartjie is - Naam en Van. Die wenner sal in die koerant aangekondig word op 1 November. Vir enige navrae skakel Silma by 058 852 3033. Sterkte aan al die deelnemers!

**Bepalings en voorwaardes:**

- Die deelnemer moet Heilbron Herald se Facebook-blad volg om te kan inskryf.
- Heilbron Herald sal die kompetisie beoordeel, uit die inskrywings wat ontvang is teen 25 Oktober 2019.
- Heilbron Herald se besluit ten opsigte van diegene wat deelneem en die keuse van die wenner is finaal. Geen korrespondensie met betrekking tot die kompetisie sal aangegaan word nie.
- Slegs die foto's op die Heilbron Herald Facebook-blad se "likes" sal in ag geneem word vir die kompetisie.
- Enige Facebook reaksie tel vir die kompetisie, dit wil sê jy mag: "Like, Love, Haha, Wow, Sad en Angry" gebruik vir die kompetisie.
- Slegs paartjies wat in 2019 'n matriekafskeid bygewoon het kan deelneem.
- Die wenner is self verantwoordelik om die prys te kom afhaal by Heilbron Herald Large Format Division en verdere reëlings te tref.

# Briewe aan: Redakteur

***Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die redakteur.***

**VOEL JY HOOP-LOOS?**

By God is daar altyd hoop! Dink aan die man van Gerasa. Dink daaraan wat Jesus vir hom gedoen het. Jesus het hom jammer gekry en was hom genadig. God sê in Joh. 1:16 dat ons almal uit Sy oorvloed, genade op genade kan ontvang!

Genade is God se vergewende krag en genesende Liefde.

Genade is 'n lewensgordel wat God na jou toe uitgooi as die golwe van die hel oor jou wil breek.

Genade is die gom wat die stukke van jou lewe neem en weer saamvoeg tot iets nuut.

Genade is die welkom-matjie by die voordeur van die Vaderhuis.

Genade is die uitveër wat die druipsyfer van jou hopelose probeerslae uitvee en sê God dink nie meer daaraan nie.

Genade is die rubberstempel wat sê klaar betaal! Die rekening is vereffen.

Genade is al wat oorbly wanneer dit lyk asof daar geen môre gaan wees nie.

Genade is alles wat God jou gee gratis. En God se Genade is ook vir jou genoeg, al beleef jy jou lewe en toestand as miskien hoop-loos!

**WAT IS VIR GOD MOEILIK?**

Al Lingren, 'n professor by Garrett Theological Seminary, vertel dat hy eenkeer sy tienerseun op 'n hengeltog geneem het. Terwyl hulle in die boot sit en gesels, vra sy sy seun skielik: "Pa, wat is die moeilikste ding wat God nog ooit probeer doen het?" Die professor sê dat hy nie dadelik 'n antwoord gereed gehad het nie, en toe maak hy maar soos die meeste pa's en vra: "Wat dink jy?" Die seun antwoord: "Sedert ek wetenskap in die skool geneem het, het ek gedink die skepping was seker die moeilikste, by die Sondagskool het ons nou die dag oor die wonderwerke gepraat, en toe het ek gedink die opstanding was dalk die moeilikste van alles. Maar toe ek nog weer daaroor dink, het ek besluit dat die moeilikste ding van alles vir God was seker om ons te laat verstaan wie Hy is, en dat Hy vir ons lief is, om Sy Seun vir ons laat sterf het vir ons sonde". Prof. Al Lingren was beïndruk met sulke wysheid, van 'n kind!" *- Ingestuur deur Heléne Howell*

# 1969 Matrieks hou reünie

*• Alwyn Swart*

Op 5 Oktober 2019 het ons die mylpaal behaal van 50 jaar "uit die skool". Wat 'n wonderlike geskenk van ons Vader, wat Sy hand van beskerming so oor ons gehou het. Alle eer kom Hom toe.

Ons skoolloopbaan het 62 jaar gelede begin, in sub A (graad 1) by die destydse Heilbron Volkskool of genoem die Rooiskool. Die wonderlikste van die verhaal is, dat beide ons Sub A juffrouens nog lewe en een van hulle, Tannie Erina Oosthuizen, was saam by die reünie gewees, (op die rype ouderdom van 83 lyk sy amper beter as baie van ons!) Ons ander juffrou, Cecile Weiss, kon die geleentheid ongelukkig nie bywoon nie. Hiermee ook ons dank aan al die onderwysers wat gedurende hierdie 12 skooljare, aan ons probeer slyp het, vir dit wat ons vandag is.

Deur die jare het die kern van ons "Klas van 69", dieselfde gebly en soos op die foto kan mens sien die Vader was goed vir ons gewees. Van die 43 Matrieks is slegs 11 in die tyd oorlede. Ons dink met deernis aan hulle wat nie meer daar is nie. Van die oorblewende 32, was daar 25 by die reünie gewees. Hierdie is 'n bewys dat ons 'n hegte klas was en geen moeite is ontsien om te kom vir die geleentheid nie. Die paar wat nie daar was nie, het geldige verskonings gehad.

Ek het die naweek weereens besef dat almal van ons nog steeds 'n hegte band vorm. Daar was en sal nooit weer 'n "Klas van 69" wees nie. Baie van ons onderwysers en ander skoolmaats sal dit beaam dat ons nog steeds "the one and only" was en nog steeds is! Ek kan net sê hierdie klas was dalk berug, maar terselfdertyd opreg en kon saamgestaan het soos min! As een skuldig was, was almal skuldig!

Die "aanhangsels" of lewensmaats wat ons hier met liefde noem, is in die meeste gevalle al baie jare saam met ons. Hulle is die mense wat ons lief en leed die afgelope jare met ons gedeel het en nog gaan deel.

Gister is gegewe - Vandag sorg vir hom - self - Môre is 'n gawe van Bo!

Wat sal ons kan sê, behalwe van nou af, is dit net "VASBYT"

Groete van die "Klas van 69"



*Op die foto voor vl: Paul Els, Elmie Brink, Catharina Kruger, Christoffel de Bruyn. Middel sittende: Basie Botha, Linda Barnard, Marlyn Swartz, Riëtte Nel, Magda Dames, Sam Marais, Koos Naudé. Agter staande: Dewet Olivier, Wessel van Eeden, Flip vd Merwe, Alfred Thomas, Elna Lee, Louis Boshoff, Christa Esterhuyse, Annette Coetzee, Hennie Fourie, Susann Marais, Alwyn Swart, Albert Labuschagné, Johan Labuschagne, Neels du Plooy.*

# Dienssentrum open met nostalgie





*Ds Braam het vir die Dienssentrum lede geopen met 'n nostalgiese storie van sy oupa. Verder het die lede produkte bespreek - Op die foto bo is (die rooi en geel blik) wat uit 1947 kom toe koningin Elizabeth en haar gesin Suid-Afrika besoek het. Links is daar 'n olie-kannetjie vir bv. naaimasjiene. Dit is ook al omtrent 70 jaar oud. Dan is daar 'n blik (heel links) met Hollandse sigare. En natuurlik het ál die seniors grootgeword met ouma Mazawatee-tee. Die kosblik links (ovaal) het hulle ook heerlik laat onthou. Oor die algemeen het die onderwerp hulle herinner aan dinge waarvan hulle lankal vergeet het.*

*Op die foto regs: Ds Braam van Zyl en Sylvia Meades (Voorsitter van Heilbron Dienssentrum).*



# TIENERTYE



**EK DINK BAIE KEER MET HEIMWEE TERUG AAN MY SKOOLDAE.** My graad 10 - 12 jare was die beste ooit. En ja, terwyl ek in die skool was het ek ook so gedink. Ek wonder baie keer of daar ooit 'n tyd was wat ek gewens het om nou klaar te kry met die dinge van 'n kind en die grootmenswêreld te betree.

Ek dink nie so nie.

Graad 9 (ek bly maar by die grade, want ek gaan my ouderdom weggee wanneer ek praat van die standerds) was, soos vir enige normale adolessent 'n nagmerrie sonder ophou. Die vakke is moeilik, jou onderwysers is moeilik, jou hormone is nog moeiliker en jou ouers is dom. Stormdom. En o, tog so oudtyds.

Moenie dink dat ek veralgemeen nie, maar jy gaan ten minste een van die onderstaande kenmerke in jou eie tiener raaksien, of daaraan terugdink. Dalk was jyself so. Hier is 'n paar eienaardige dinge wat in die tienerjare plaasvind.

Tieners dink dat betyds wees opsioneel is. Natuurlik moet die ouers betyds wees, maar tieners hoef glad nie te wees nie.

Tieners hou net mooi niks van sarkastiese opmerkings nie. Maar wees gewaarsku: hulle drup letterlik van die sarkasme.

**TIENERMODES IS DIE BESTE MODES.** Al hang jou onderbroek 'n fraaie valletjie uit onder jou broek, is dit steeds *cool*. Totdat pa natuurlik op dieselfde manier aantrek. Dan is dit *uncool*.

Hulle weet alles. Absoluut alles. En hulle laat weet almal dat hulle alles weet. Absoluut almal. My sussie het altyd van my gesê: "Hire a teenager while they still know everything."

*Selfies*. Baie *selfies*. Moet ek iets byvoeg? O ja, dalk dat sosiale media 'n absolute moet is. En as dit nie op sosiale media is nie, het dit nooit gebeur nie.

Hulle luister na lawaai. Wel, hulle noem dit musiek, maar dit is maar net lawaai met 'n snaakse ritme. Kliphard in die kamer, oor die TV, in die motor en in hulle klaar vasgegroeide oorfone.

Hulle daag mekaar uit in betekenislose en niksseggende speletjies. Komaan! Wil jy regtig die hele tweeliter melkbottel in een asem uitdrink?

Gepraat van kos: baie meisies is meer geïnteresseerd in die hoeveelheid kilojoules wat hulle daagliks inneem as die inhou van hulle Natuurwetenskappe handboek.

Dis natuurlik makliker vir tieners om iets op die internet op te spoor as vir enige ander persoon, of jy nou 'n rekenaarfundi is of nie. Dis nou vir tieners wat nie regtig alles weet nie.

**NOG IETS WAT EIE IS AAN TIENERS IS LEË BAKKIES.** Orals. Jogurtbakkies onder die sitkamerbank. Groengemufde plastiek-bakkies in die vensterbank. Leë melkbottels in die yskas. 'n Afgelekte lepel onder die paslaken van die (onopgemaakte) bed.

En natuurlik verwag die hele wêreld dat hulle soos grootmense moet optree, maar dan word hulle soos kinders behandel.

My gryse ou vader (toe nog nie grys of oud nie) het my toegelaat om na enige *garage paartie* toe te gaan, mits hy die mense geken het (in relatiewe klein dorpies ken almal mekaar). Maar op sy voorwaardes.

Hy sal my gaan aflaai en hy kom laai my weer op. Ek mag 19:00 na die *garage paartie* toe gaan en hy sal my weer om 23:00 kom haal. Niks later nie.

Ek kan onthou hoedat hy een aand vir my gewag het: bibberend van die koue in sy plaasbakkie. Maar dit was ons reël. Die situasie was maklik: My huis, my reëls.

Natuurlik kon hy die lewende dinges uit my irriteer wanneer hy my geterg het (ek het eers later agtergekom dat hy nie ernstig was nie!). Wanneer hy my voor iemand se garagedeur aflaai, sou hy een van twee dinge sê:

"Vra asseblief éérs vir die tannie waar die toilet is en of daar genoeg toiletpapier is."

Of:

"Moenie twee keer kos vat nie. Vra eerder vir die tannie of sy nie vir jou pa en ma ietsie wil saamgee nie."

Ek wou die piep kry!

**MAAR SO HET ONS DEUR ONS TIENERSTADIUMS GEKOM.** Die ou bekende grappie sê mos dat Abraham so gewillig was om Isak te offer omdat hy wat Isak is, 'n tiener was.

Ek hoor die storie van mamma wat haar graad 9-seun voor die skoolhek gaan aflaai. Hy was op die puisie-langbeen-adamsappelstadium en het besluit dat hy nooit weer in die openbaar aan sy ma gaan raak nie, want dis so…dis so… wel, dis so *not on*. Dis nie meer nodig dat hulle mekaar moet totsiens sê, soen of druk nie, dis so áf.

Die mamma besluit toe dat sy gaan wraak neem. En jy kén 'n wraaksugtige mamma.

Een Maandagoggend ry sy, aspris effens later as gewoonlik, skool toe. Daar is 'n samedromming van karre, mense, kinders en wat nog by die hoofhek. Sy laai vir boeta voor die hoofhek af. Sy groet hom met 'n vriendelike kopknik (gehoorsame mamma) en graad 9-seun toon geen emosie nie terwyl hy *non-chalant* sy boeketas oor sy skouer swaai.

Mamma wag totdat hy sy vriende in die skoolhek *high five* en bladskud. Graad 9-seun kyk so terloops om, en mamma wuif vriendelik vir hom. Graad 9-seun ignoreer haar en skater van die lag toe een van sy *pêlle* weer 'n tipiese tienergrappie maak.

Mamma sit die kar in eerste rat en *rêf* so effens. Sy staal haar vir wat gaan kom en 'n groot glimlag breek soos 'n vloedgolf oor haar gesig.

Sy *rêf* al hoe meer en trek met 'n gejuig weg. Klippers spat in alle rigtings en rook borrel by haar wiele uit. Sy kyk in die truspieëltjie met genoegdoening na die twee swart rubbermerke op die teerpad.

Sy ry rustig huis toe.

**LAATMIDDAG GAAN HAAL SY WEER VIR GRAAD 9-SEUN NA AFLOOP VAN SY KRIEKETOEFENING. SY MOND IS 20KPA OPGEBLAAS.**

Mamma groet hom vriendelik en vra uit na sy dag. Hy antwoord, tipies tiener, in eenlettergrepige woorde. Toe hulle by die huis stop, waag Graad 9-seun dit om iets meer kompleks te sê.

"Ma doen dit nooit weer nie."

"Waarvan praat jy, seun?"

"Ma se *spin* voor my vriende."

"O, so jy *hét* my gesien toe ek vir jou gewaai het?"

Probleem? Geen probleem.

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
Biddag vir Gesondheidsdienste
**Sondag:** 09:30 Erediens
Kleuterkerk
Sin Kol: Teologiese Studente Ondersteuningsfonds
Kategese / Blok 4

**NG SUID**
Biddag vir Gesondheidsdiente
**Sondag:** 09:30 Erediens
Sin Kol: Fonds vir Bedieningsbegeleiding
Kategese
Wyksbyeenkoms

**GEREFORMEERDE KERK**
Hervormings-Sondag
**Sondae:** 09:30 Erediens
Kol: Expanto / Katkisasie: Les 24
Diensbeurte: Wyk 6 & 7

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondae:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 083 943 4561

**AGS PLEINSTRAAT 72**
**Sondae:** 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
**Sondag** 10:00 Erediens (Heilbron)
VBO Les 27 / Algemene Sustervergadering

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - **Kontaak MP Malindi 078 054 2862**

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Hou eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANG. GEREF. KERK**
**FRANKFORT (MARKSTR. 20)**
**Sondagoggend:** 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Sondae:** 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur
**Woensdag**: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondae:** Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00, Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Dinsdae:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30.
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00
Biduur Dinsdae om 10:00 /Bybelstudie Donderdae om 10:00
Navrae: JC Smith 063 247 4774

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

# Heilbron Herald GEMEENSKAPSNUUS

## Op en Wakker Dienssentrum
vir Bejaardes Reitz

*Program vir week*

**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**

## Heilbron Dienssentrum

*Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272*
Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**
**MAANDAE:**
08:45 - Gimtrim
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts.
Elke week iets anders.
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***




## RIEMLAND MUSEUM TYE
**VRYDAE 09:00 - 13:00**

Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576

## Biblioteek Tye
**Piercestraat 66 • Heilbron**
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week vir die publiek oop en die tye is as volg:

**MAANDAE TOT VRYDAE**
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP SATERDAE, SONDAE & OPENBARE VAKANSIEDAE.



## GEKLASSIFISEERD
Smalls

**Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**

- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Celéste** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Vr 18 Okt. | 16 / 33 | Warm |
| Sa 19 Okt. | 17 / 32 | Warm |
| So 20 Okt. | 15 / 32 | Sonnig, warm |
| Ma 21 Okt. | 16 / 32 | Sonnig, warm |
| Di 22 Okt. | 15 / 33 | Warm |
| Wo 23 Okt. | 16 / 33 | Sonnig, warm |
| Do 24 Okt. | 15 / 32 | Gedeeltelik bewolk, warm |
| Vr 25 Okt. | 17 / 30 | Warm |
| Sa 26 Okt. | 17 / 30 | 53% kans vir reën |
| So 27 Okt. | 17 / 29 | Warm |
| Ma 28 Okt. | 15 / 30 | Sonnig, warm |

## KENNISGEWINGS

### KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van wyle **SUSARAH DOROTHEA JOHANNA VOSLOO,** Identiteitsnommer 350525 0007 080, weduwee, in lewe 'n pensioenaris, woonagtig te Huis Bron-van-Heil, Langmarkstraat, Heilbron, Vrystaat Provinsie.
**Boedelnommer: 004292/2019**
Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogemelde boedel by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros te Heilbron vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
**PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING.**
**EKSEKUTEUR**
**ELSSTRAAT 47**
**POSBUS 58**
**HEILBRON, 9650**
**Verw: PPvdM/be**

### KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van wyle **MICHIEL ANDRIES BROODRYK,** Identiteitsnommer 240918 5027 084, wie getroud was binne gemeenskap van goed met **HENDRINA JOHANNA BROODRYK,** Identiteitsnommer 311024 0023 089, wat woonagtig was te Sampie Fronemanstraat 12, dorpsgebied Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 5 September 2018, boedelnommer 008752/2018.
Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros in Heilbron, Vrystaat, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199**
**HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

## TE HUUR

### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Bespreek by Hannalie Claassen 079 040 0531**
G

## DIENSTE

### BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

### BLOEDSKENK HEILBRON

***PLEK: N.G Kerksaal (Suid)***
• 26 November




**HEILBRON HERALD**
**U EEN STOP WINKEL**

## EIENDOMME • EIENDOMME

### Heilbron Eiendomme

**VOLLEDIGE LYS VAN EIENDOMME OP ONS WEBWERF**
**www.heilbroneiendomme.co.za**
**ANNELIZE 082 331 9856**

**HEILBRON**
NUUT IN DIE MARK:
4 Slaapkamerhuis met 2 badkamers, sitkamer, eetkamer, kombuis. Dubbel motorhuis en swembad. Erf veilig omhein. **R850 000**

**HUISE TE HUUR**
• 3 Slaapkamerhuis met 2 badkamers, kombuis, sitkamer, eetkamer. Enkel motorhuis met 'n afdak. Beskikbaar 1 Oktober 2019. **R5 900 pm**

**HUISE TE HUUR**
• 3 Slaapkamerhuis met 2 badkamers, kombuis, sitkamer, eetkamers. Dubbel motorhuis met 'n afdak. Gevestigde tuin. Beskikbaar 1 Oktober 2019. **R5 200 pm**

**EEN SLAAPKAMER WOONSTEL**
• Sitkamer, kombuis, enkel slaapkamer met badkamer. **R2 800 pm**

*Kontak my gerus indien u 'n huis wil koop of verkoop.*

### VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens
**Elsstr. 47 HEILBRON**
**Tel: 058 852 2041**
**Petro Meintjes - 083 308 9159**

Die Herald se fabriek sluit die 13de Desember 2019. Bring asb. u drukwerk vroegtydig om teleurstelling te voorkom. Fabriek open DV 8 Januarie 2020.

Winkel sluit 19 Desember 2019 en open DV 6 Januarie 2020.



## DIENSTE

### SpesialeBeleggings-geleentheid

**KAPITAALWAARBORG-BELEGGING**
- ✦ Minimum beleggingsbedrag van R150 000
- ✦ Gewaarborgde opbrengskoers van 9.5% per jaar
- ✦ Termyn 5 jaar
- ✦ Aanbod verskryk op 29 November 2019

**KAPITAALWAARBORG OF INKOMSTEPLAN (GEWAARBORG)**
- ✦ Minimum beleggingsbedrag van R50 000
- ✦ Gewaarborgde opbrengskoers van 6.5% per jaar
- ✦ Termyn 5 jaar
- ✦ Aanbod onbeperk

***Kontak Kobus Piek 082 254 8840 vir 'n afspraak.***

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskaps-koerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag.

Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma kantoorure by 058 852 3033.

### VERFWERK

**Ek doen die volgende in die dorp of op plase:** Verf van dakke, afskuur, herstel lekke en maak dig asook verf, herstel en verf geute. **Plafonne:** Vervang, herstel, maak dig met putty en verf. **Mure:** Maak krake heel, skuur af en verf. Algemene instandhouding en reparasies van enige geboue binne en buite. Ek het 25 jaar-ondervinding en waarborg deeglike en professionele diens.
**Skakel gerus vir 'n gratis kwotasie.**
**Chris Maseko 073 362 4855 of 073 750 3775**
***Chris is 'n betroubare persoon en ek kan hom aanbeveel - J Blignaut 082 335 5503.***

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 9 | | | 4 | | 2 | 5 | | |
| | | | 9 | | 1 | | | |
| | 5 | | | | | | | 7 |
| 4 | | | | 2 | | | 8 | |
| | | 2 | | | | 7 | 3 | 4 |
| 5 | | 8 | | | 6 | | | |
| | | | 8 | | | | 2 | |
| 7 | | | | | | | | 1 |
| | 9 | | 2 | 6 | | | | |

**SUDUKU** - *Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.*

## TE KOOP




## BETREKKING

**HOËRSKOOL WILGERIVIER FRANKFORT**

Hierdie uitmuntende, Afrikaansmedium skool beskik oor die volgende pos:

Permanente Departementele Posnommer: 191314 / 301 Adjunkhoof PL3

Aanvangsdatum: 1 Januarie 2020
*(Volgens Vakaturelys 2/2019 van Vrystaat Onderwysdepartement)*

Die volgende dokumente moet die aansoek vergesel:
- * Aansoekvorm soos verskyn in Vakaturelys.
- * 'n Volledige CV.
- * Gewaarmerkte afskrifte van alle kwalifikasies.
- * Gewaarmerkte afskrifte van ID.
- * Getuigskrifte.
- * SACE-sertifikaat.

Voornemende kandidate kan aansoek doen volgens die voorskrifte in vakaturelys 2/2019, asook 'n verkorte CV stuur na:
* e-pos: wilgeskool@lantic.net
* faks: 0866 595 407
* Posbus 16, Frankfort, 9830

Sluitingsdatum: 7 November 2019
*(Volgens Vakaturelys van Vrystaat Onderwysdepartement)*

**Navrae : Mnr. H. Pelster (058-813-1010) (skoolure)**

**AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.**

# Hoërskool Heilbron Prysuitdeling



**DUX LEERLING, VOORTREKKER KULTUURPENNING VIR UITSTAANDE LEIERSKAP** - *Amané Watson*



**VICTRIX LUDORUM** - *Leandri Bennink*



**BESTE KULTUURPRESTASIE** - *Elzemey Steyn*



**DUX LEERLING, VOORTREKKER KULTUURPENNING VIR UITSTAANDE LEIERSKAP** - *Michaela Grobler*
*Foto's erkenning: André Pretorius Fotografie*



**VICTOR LUDORUM, BESTE SPORTPRESTASIE, VEELSYDIGSTE LEERLING** - *Sarel Mouton*



**VICTOR LUDORUM** - *Tiaan Britz*



**VICTRIX LUDORUM** - *Aldi Strydom*




Heilbron Herald
Heilbron Herald wens al die matrikulante van 2019 baie sterkte toe met die eksamen en vir alles wat julle in die toekoms aanpak!

MATRIEKS
Baie sterkte met die eksamen wat voorlê en alles van die beste vir die toekoms!
Jerrie Fox Chemikalieë

Donsveertjie
Gasteplaas & Venue
Liewe Matrikulant..."Ek weet wat Ek vir julle beplan sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie. Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!" Jeremia 29:11

Matrieks 2019
Baie sterkte met die eksamen wat voorlê en alles van die beste vir die toekoms!
LSR Louise Snyman

HEILBRON VEILING GPS: S27°13.293' E027°57.790'
In opdrag van SLABBERT BOERDERY TRUST word die volgende te koop aangebied op DINSDAG, 22 OKTOBER 2019 om 11:00 te Taunton, Heilbron.

TREKKERS: John Deere 6603 (4x4). Massey Ferguson 399 SE. Landini Landpower 165 TDI (2007; 4100 ure; met PM8 monitor). Case JX 95 (720 ure).

VOERTUIE: Mazda Drifter B 2500D (2007 "Turbo Intercooler"; 4x4). Nissan Hardbody 3.0 16V TD (2005).

SKOTTEL-, SKAAR- & TANDWERKTUIE: Safim grondbreker. 3 Kontra snyée (3 punt; 7vt). 4 Kruitand skoffels. 2 Skottelploeë. Kongskilde Vibroflex (16 tand; 18 tand; met rollers). Kole Staalwerke tussenrygewas skoffel (4 ry). Kverneland CLC grondbreker (9 tand; 3 punt; met rollers). Kverneland CLC grondbreker (13 tand). Breedwerk skoffel (met opvoukante). Kole Staalwerke implement raam. Pioneer hidrouliese kontra sny-eg (26 skottel).

PLANTER: Massey Ferguson 511 H45 (6 ry; hidroulies; met monitor).

STROPER: Claas Dominator 86 (met plukker kop).

SLEEPWAENS: Vetsak sleepwa (massakante; 8 ton). Vetsak oortaaiwa. 2 Slattery oortaaiwaens. 2 Sleepwaens (met massakante).

ANDER PLAASGEREEDSKAP: Hardi onkruid spuit (1200l; met 18m balk, met presisie monitor). 2 Massabakke.

ROETE:
Vanaf Heilbron: Ry op die Sasolburg pad (R57) vir 6km. Draai regs by plaas in.
Vanaf Sasolburg: Ry op die Heilbron pad (R57) vir 44km. Draai links by plaas in.

UITVERKOPING VEILING!



NAVRAE: Piet Boshoff 083 210 7135. Wentzel Vorster 082 566 1369. Afslaer: Jan Mostert 083 306 8408. BKB Louwid, FRANKFORT, 058 813 1071
Vir volledige besonderhede, katalogus en voorwaardes besoek gerus ons webtuiste : www.bkb.co.za
BKB



# Antieke Land Rover gerestoureer

Op 11 Oktober 2019 het Paul Aucamp na drie jaar se geduldige gewag weggery met sy gerestoureerde 1971 Series IIA Land Rover. Deur die loop van die week, 7-11 Oktober, was hy deur die toets gesit en word as padvaardig beskryf. Die reeks IIA word deur baie beskou as die moeilikste reeksmodel wat gebou is. Dit is moontlik ook die soort klassieke Land Rover wat sterk voorkom in die algemene publiek se persepsie van die Land Rover, van sy vele optredes in gewilde films en televisie dokumentêre films wat gedurende die 1960's in Afrika aangebied is, soos Born Free. Hierdie spesifieke voertuig is nuut oorgeverf met die klassieke groen en wit kleure en pronk met splinternuwe boutjies en ander nuwe meganiese dele. Alles is nuut gedoen deur Hennie van Wyk in Heilbron by Hennie's Auto - hy is trots op hierdie voltooide handewerk waarin baie liefde en tyd spandeer is.

Colleen Franklin sal die nuwe eienaar van hierdie antieke voertuig wees omdat Paul dit vir sy vrou as haar 60ste verjaarsdaggeskenk gaan gee.

Heilbronners moet in die toekoms op die uitkyk wees vir dié mooi voertuig in die dorp.



*Op die foto: Paul Aucamp en Hennie van Wyk.*




OCTOBER SPECIAL
valid from 1 Oct 2019 - 31 Oct 2019

Econo Stationery Cabinet
1800 x 900 x 450
4 Shelves
R2 029-00 Exl VAT



Ivory/Karoo OR Hammertone Grey

4 Drawer Filing Cabinet
1320 x 470 x 630
R2 309-00 Exl VAT



Ivory/Karoo OR Hammertone Grey

Herald
Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033
Faks: 058 853 0140
heraldnuus@heilbron.co.za
Office National


# Overall U/15 football winners



*Phitshana are the overall winners of the u/15 inter-school football championship hosted by Papi Mbele foundation. They have won themselves full sets of jersies, medals, school bags and certificates in the leadership of Mr MZ Leemisa.*

**Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur e-pos vir Silma by 083 363 6553 of 058 852 3033 E-pos: heraldnuus@heilbron.co.za**

# Skool reünie - 19 Oktober

Die komitee van JC Class 1977 Junior Sertifikaat nooi elke leerling uit wat in genoemde jaar by Phiritona Sekondêre skool klaargemaak het om deel te wees van 'n reünie. Hulle het 42 jaar terug hulle skoolloopbaan voltooi en het besluit om op 19 Oktober 2019 'n feesviering te hou.

Alhoewel baie van die leerlinge wyle en gestremd is, word die reünie gehou om te onderhandel oor die toekoms in terme van kriminele oortredings, mishandeling en straatboewery. Die koördineerders vra met eerlikheid en respek vir ondersteuning en hulp en moontlike borge om hierdie reünie te kan hanteer.





Kontak vir Ben Poho by 072 337 5678 of 078 640 4075 of Thoko Kumalo by 073 220 1398 vir meer inligting.

**Bank Besonderhede:**
Verw: JC Students Class of 1977
Rekening Nr.: 798703911
Standard Bank




Herald Sport

# Nelson bêre sy beste vir SPAR

Om elf houe beter as jou voorgee te speel sit nie in enige iemand se broek nie. Johan Nelson het verlede Saterdag tydens die SPARdag homself oortref en ook almal in die stof laat kyk toe hy van 'n sestien voorgee twee rondtes onder 40 houe aangeteken het en 47 stableford punte opgestapel het. Die wen telling was bo gemiddeld en dit kan toegeskryf word aan die harde skoonveld wat spelers ekstra rol gee.
Johan en sy putjiespel maat Willie Pretorius het ook korte mette gemaak van Johan Weilbach en Herman Claasen in hulle bepaling en wen met 18 teen 2. John Watson wen ook vir Jaco Lombard in die enkels met 5 teen 3.
Die Presidents / Kapteindag is verskuif na die 2de November saam met die eindstryd van die wêreldbeker, maar meer omtrent die dag later.
Volgend naweek is dit *mug* en môre sal daar gewone spel wees. Die klub sal ook oop wees vanaf 07:30 vir die wat voor die rugby wil afslaan.
Gewone inskrywings vanaf 11:45, afslaan 12:15.



*Wenners van die Heilbron SPARdag vl: John Watson (39), Jimmy de Villiers Smith (Heilbron SPAR), Johan Nelson (47), Stanley Khondlo (39), Gerrie Muller en Candice de Villiers Smith (Heilbron SPAR).*

# Telwiedré Feeds Soccer team

*• Phillemon Mokoena*

Telwiedré Feeds is happy and proud to announce its soccer team's victory in a soccer tournament.

Telwiedré football club participates in a workers tournament that was held on the 28/09/2019 - 29/09/2019.

Workers Soccer Tournament was hosted by Pakworks at Sandersville soccer playgrounds.

Soccer teams participated namely: 1. Telwiedré Feeds, 2. Pakworks, 3. Omnia - from Sasolburg, 4. Mittal - from Vanderbiljpark, 5. Heilbron Masters, 6. Achaar.

**Game results consist of:**

Telwiedré 4 - Achaar 2, Telwiedré 2 - Omnia 1. The final game took place against Mittal from Vanderbijlpark in Heilbron. Telwiedré 6 - Mittal 1.

Telwiedré Football club showed lots of skills and knowledge of soccer from its players in the last game.

They were declared 2019 winners and champions of Workers Soccer Tournament. Players were awarded with medals and a trophy.

**Telwiedré Football club comprises of the following players:**

Joseph Maduna - Team Manager, Jan Lephoto, William Kusasa, Genius Mthimkulu, Daniel Mofokeng, Lerata Ngwena, Samuel Tsotetsi, Moeketsi Ntsala, Alfred Motaung, Willem Radebe, Joseph Tshabalala, Johnson Motaung, Moses Mtimkulu, Zacharia Mohlamme, Nicodema Sekhoto, Samuel Sekhoto, Job Sekhoto, Lucky Dlamini, Amos Kusasa, David Khumalo.

Telwiedré Management would like to thank the tournament organisers and all teams that participated in the tournament.

A special thanks to Telwiedré football club players and team managers for showing such dedication and determination throughout the tournament by winning all games up to the final.

From Telwiedré co-workers and Management we really wish our team the best for putting Telwiedré's Factory name high.

***Report done by***
***Phillemon Mokoena -***
***Production Manager***




*Telwiedré Football Team players.*

# Geskiedenis van rolbal in SA

Rolbal het gedurende 1882 in Suid Afrika begin en die eerste rolbalbaan is by St George's Park in Port Elizabeth gebou. Die sport het groot byval gevind en het vinnig deur die land versprei en gedurende 1904 is die Rolbal Vereniging as beheerliggaam gestig. Gedurende 1935 is die dames Rolbal Vereniging as beheerliggaam vir dames rolbal gestig. Vandag word die sport onder een beheerliggaam bestuur met ongeveer 23000 geregistreerde lede van 513 klubs. Verskeie komitees is saamgestel onder die beheer van Rolbal Suid Afrika, hierdie komitees is verantwoordelik vir afrigting, bemarking, baan instandhouding asook tegniese beamptes. Lede van hierdie komitees is beskikbaar vir advies en ondersteuning aan die onderskeie klubs en hul lede terwyl opleidingskursusse ook gereeld aangebied word.

Soos baie ander sportsoorte word rolbal ook beoefen deur gestremde spelers wat nie net op klubvlak nie, maar ook op provinsiale en nasionale vlak kompeteer. Heilbron Rolbalklub is gedurende 1960 gestig en spog tans met 26 geregistreerde lede. Die baan is twee weke gelede geopen en dit was 'n vreugdevolle dag om 21 lede op die baan te sien, miskien was dit as gevolg van onttrekkingsimptome nadat die baan vir 'n tyd toe was om die jaarlikse instandhouding te voltooi. Die ontwikkelingstoernooi wat gedurende die skoolvakansie by Kroonstad Rolbalklub gehou is was 'n groot sukses en die jongmense het dit baie geniet en baie geleer. Verskeie van die jongmense het toekennings gekry met Heilbron se DJ Steyn wat weggestap het met die toekenning as "Meneer Persoonlikheid".

Enigeen wat saam wil kom balle rol is baie welkom. Belangstellendes kan die volgende persone kontak vir meer inligting: Gerald Rademeyer (Voorsitter) 082 318 3965 of Hannalie Claassen (Sekretaresse) 079 040 0531

Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
VLEISSENTRAAL
JJ Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067
VLEISSENTRAAL

BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 21 OKTOBER 2019
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
DINSDAG - 22 OKTOBER 2019
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Boeta Maree 073 949 8786
VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
DONDERDAG - 24 OKTOBER 2019
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Piet Boshoff 083 210 7135
KROONSTAD Vetvee veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
VRYDAG - 25 OKTOBER 2019
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
BKB LOUWID